**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS ADDISIONELE TAAL HG**
**(Derde Vraestel: Skryfvaardighede)**

**FEB / MARCH / MAART 2006**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 80**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings (Afdeling A, B en C).
- Beantwoord slegs **DRIE** vrae:
  - Een onderwerp uit Afdeling A
  - Een onderwerp uit Afdeling B
  - Een onderwerp uit Afdeling C
- Nommer jou skryfstukke presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
- Skryf netjies en leesbaar.

---

AFDELING A

**VRAAG 1**

**LANG SKRYFSTUK**

**INSTRUKSIES:**

- Kies **EEN** vraag en voer dan die opdrag van **250 – 300 woorde** by daardie vraag uit.
- **Jy moet jou lang skryfstuk eers as ? rowwe kopie skryf en dan netjies oorskryf.**
- Volg die **opdrag** by elke skryfstuk.

1.1 Om ? persoon sonder ? werk óf sonder ? huis te sien, maak jou hart seer.

**OPDRAG:**

Vertel van so ? persoon wat jy ken en beskryf sy / haar situasie. Dink aan die volgende:

- Wie is die persoon?
- Hoe het die persoon sy / haar werk of sy / haar huis verloor?
- Hoe leef die persoon nou?
- Hoe voel die persoon?
- Hoe kan die persoon gehelp word?
- Hoe voel jy oor die persoon en hoe het jy hom / haar probeer help? (40)

**ÓF**

1.2 Jy wens dat jy eendag 'n skoolhoof kan word.

**OPDRAG:**

Bespreek die saak en dink aan die volgende:

- Hoe gaan jy jou kollegas behandel?
- Watter soort veranderings gaan jy in die skool maak?
- Hoe gaan jy sake binne die skool hanteer?
- Hoe dikwels gaan jy vergaderings hou of watter aktiwiteite sal jy reël?
- Waarom sal jy elkeen van hierdie dinge doen / elkeen van hierdie besluite neem? (40)

**ÓF**

1.3 Daar is nou baie meer misdaad in Suid-Afrika.

**OPDRAG**:

Gee jou eie opinie oor die saak. Dink aan die volgende:

- Watter vorme van misdaad het al hoe meer geword?
- Wat is die moontlike redes dat misdaad toeneem?
- Hoe affekteer die baie misdaad die lewe van die mense in Suid-Afrika?
- Wat word alles deur die polisie en privaat sektor gedoen om die probleem op te los? (40)

**ÓF**

1.4 ? Insident / Insidente wat my lewe verander het.

**OPDRAG:**

Vertel van ? insident / insidente wat jou lewe verander het. Dink aan die volgende:

- Watter insident(e) het jou lewe verander?
- Het dit jou uitkyk op die lewe verander?
- Wat het gebeur en wanneer het dit gebeur?
- Hoe oud was jy? Hoe het jy daaroor gevoel?
- Was dit ? goeie of ? slegte invloed? (40)

**ÓF**

1.5 Behoort alle Suid-Afrikaners tydens verkiesings te stem? Ja / Nee?

**OPDRAG:**

Wat is jou antwoord op hierdie vraag? Gee jou opinie en goeie redes waarom jy so sê. Dink aan die volgende:

- Is dit belangrik dat alle Suid-Afrikaners moet stem?
- Die dinge wat in ons land gebeur het voordat die mense stemreg gekry het.
- Wat, dink jy, sal in die toekoms gebeur as hulle nie gaan stem nie?
- Wat het die mense van Suid-Afrika reggekry nadat hulle gestem het? (40)

**TOTAAL VIR AFDELING A: [40]**

AFDELING B

**VRAAG 2**

**KORTER SKRYFSTUK**

**INSTRUKSIES:**

- Kies **EEN** vraag uit hierdie afdeling.
- Jou skryfstuk moet **120 – 150** woorde lank wees.
- Begin die vraag op 'n nuwe bladsy.

2.1 Jou vriend / vriendin is vanjaar in Graad 12 en is onseker oor wat hy / sy volgende jaar wil doen, want sy / haar ouers is werkloos en het nie geld om hom / haar verder te laat studeer nie.

**OPDRAG:**

Skryf **'n brief** aan jou vriend of vriendin en gesels met hom / haar daaroor. Dink aan die volgende:

- Watter raad jy hom / haar kan gee om geld te probeer kry.
- Watter ander moontlike oplossings jy kan gee. (20)

**ÓF**

2.2 Jy bly by die huis met jou kwalifikasies, want jy kry nie werk nie.

**OPDRAG:**

Skryf jou gevoelens neer in **? dagboekinskrywing**. Dink aan die volgende:

- Hoe voel jy as jy aan al jou kwalifikasies dink?
- Hoe voel jy oor jouself, veral as jy aan jou sterk en swak punte dink?
- Wat is jou sterk punte en jou swak punte?
- Hoe voel jy oor jou kanse om werk te kry?
- Wanneer het jy gekwalifiseer en vir hoe lank sit jy nou al sonder werk?
- Wat gee jou nuwe hoop? (20)

**ÓF**

2.3 Jy en jou maat kyk na ? sportwedstryd. Julle skreeu nie vir dieselfde spanne nie.

**OPDRAG:**

Skryf **die gesprek** tussen jy en jou maat terwyl julle na die wedstryd kyk in die dialoogvorm neer. Dink aan die volgende:

- Wat sê julle vir mekaar oor julle spanne?
- Waarom hou julle van die verskillende spanne?
- Waarom dink elkeen sy / haar span is die beste?
- Wie se span het gewen?
- Wat sê julle vir mekaar oor die wedstryd? (20)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [20]**

AFDELING C

**VRAAG 3**

**FUNKSIONELE SKRYFSTUK**

**INSTRUKSIES:**

- Kies **EEN** vraag uit hierdie afdeling.
- Jou skryfstuk moet **120 – 150 woorde** lank wees.
- Begin die vraag op ’n nuwe bladsy.

3.1 Jy is die sekretaris of sekretaresse van ’n organisasie, **Huise vir Almal**. Julle beplan ? nuwe projek om huise te bou en daarom moet julle baie besluite neem.

3.1.1 **OPDRAG**:

Skryf **’n kennisgewing** (70 – 80 woorde) van ? vergadering aan al die lede van die raad. Dink aan die volgende:

- Die opskrif van die kennisgewing.
- Datum en plek van die vergadering.
- Gee die lede al die besonderhede, bv. watter soort huise julle gaan bou, wie daarvoor mag kwalifiseer, wanneer die huise klaar gebou gaan word, wanneer die mense in die huise sal kan intrek, ensovoorts. (10)

**ÉN**

3.1.2 **OPDRAG**:

Skryf **'n memorandum** (50 – 70 woorde) aan al die lede om te motiveer waarom hulle die vergadering moet bywoon. Dink aan die volgende: (10)

- Die nuwe projek wat beplan word.
- Wat gaan die verantwoordelikhede van elke lid wees in hierdie projek? (20)

**ÓF**

3.2 Jy is voorsitter van jou skool se debatspan. Julle het gereël om 'n debatsessie teen een van julle buurskole te hou.

**OPDRAG:**

Stuur **'n faksboodskap** aan 'n debatspan van die ander skool en nooi hulle uit om teen julle te kom debatteer. Teken die formaat van die faksvorm in jou antwoordboek oor en vul die nodige inligting in. Skryf die boodskap in die boodskapgedeelte.

| NAAM VAN EIE SKOOL |
|---|
| **AAN** : <br><br> **FAKSNOMMER** : <br><br> **VAN** : <br><br> **DATUM** : <br><br> **GETAL BLADSYE** : |
| **INHOUDSOPSKRIF** |
| **BOODSKAP:** <br><br> **Dink aan die volgende:** <br>• Sê wat die doel is en waarom dit goed sal wees om die debatsessie te hou. <br>• Datum, plek en tyd van die debatsessie. <br>• Onderwerp vir die debat. <br>• Program vir die sessie, beoordelaars, soort pryse wat die wenners sal kry. |
| **HANDTEKENING:** |

**ÓF** (20)

3.3 Die groot dag waarop jou klein sussie gaan trou, kom vinnig nader. Al die gaste het al gereageer op hulle uitnodigings na die troue toe. Jou sussie is bekommerd, omdat julle neef / niggie wat saam met julle grootgeword het, nog niks laat weet het nie.

3.3.1 **OPDRAG**:

Skryf **'n spesiale uitnodiging** (40 – 60 woorde) aan jou neef of niggie.
Dink aan die volgende:

- Datum, plek en tyd van die troue.
- Met wie gaan jou sussie trou?
- Enige ander relevante inligting. (10)

**ÉN**

3.3.2 **OPDRAG**:

Skryf **'n nota** (80 – 90 woorde) om te motiveer hoekom dit belangrik is dat jou neef of niggie die bruilof moet bywoon. Sê ook watter ander dinge daar sal plaasvind en bespreek enige verdere reëlings. (10)

(20)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 80**

**EINDE**